

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

INLIGTING OOR SINODALE DANKOFFERS

Hierdie dokument gee 'n oorsig oor die Sinode se stelsel van sinodale dankoffers. Ons doen dit deur 'n paar vrae te beantwoord:

1. Wie en wat is die Sinode van Oos-Kaapland?

1.1 Die Sinode behoort binne die presbiteriaal-sinodale stelsel aan die 104 gemeentes en 13 ringe in Oos-Kaapland, en verteenwoordig die kollektiewe belang van die gemeentes en ampsdraers. Die Sinode is 'n vennoot in bediening.

1.2 In Oos-Kaapland befonds die sinode ook ringsprojekte wat bediening stimuleer en waarmee gemeentes bygestaan word.

2. Hoe vergelyk die bydraekoers van Oos-Kaapland met ander Sinodes?

2.1 Drie buur-sinodes se bydraekoerse is getoets om te bepaal hoe ons sinode daarmee vergelyk.

2.2 In een buur-sinode betaal gemeentes gemiddeld 4.9% van bruto inkomste, in die tweede 6% en in die derde gemiddeld 6.5%. Die bydraekoers wissel dus tussen 3 tot vier keer die koers van Oos-Kaapland.

2.3 Dit blyk dat Oos-Kaapland slaag in sy doel om so min moontlik finansies uit gemeentes te onttrek. Daarby word 'n deel van die 1.5% boonop gebruik om ringe en gemeentes te bemagtig deur ringsprojekte.

3. Hoe word die Sinodale Dankoffers (SDO) aangewend?

3.1 Gemeentes betaal 1.5% van bruto inkomste (dit is inkomste minus sinodale kollektes) aan die sinode oor.

3.2 Vir aanwending word hierdie 1.5% as volg verdeel:

- Die **Algemene Sinode** kos jaarliks 25% van SDO.
(Die Algemene Sinode kry 0.28% van gemeentes se bruto inkomste. Dit is 18.66% van die SDO. Vir vergaderings van die Algemene Sinode word jaarliks sowat 6.5% van SDO begroot.)
- Vir **ringsprojekte** word 20% van SDO aangewend.
- **Beleggings** word versterk met 13% van die SDO.
- **Argiefkoste** (gemeentelik, ring en sinodale kantoor) beloop gemiddeld 8% van SDO. Aangesien fooie op rakspasie gebaseer word, is ouer gemeentes se aandeel hoër.
- Die balans (sowat 34%) word gebruik om deel van die **bedryfskoste** van die sinode te befonds. Dit sluit sake in soos padberade, voortgesette bedieningsontwikkeling, netwerke soos predikante-versorging, leer en aktuele sake en jeug. Verder ook reiskoste vir vergaderings van die sinodale kommissie, subsidie van koste van sinodesittings, ouditkoste, sinodale kommunikasie, kantoorhuur, skryfbehoeftes, telefoon, posgeld, drukkoste en versekering.

4. Inkomstebronne van die Sinode: Sinodale dankoffers én beleggingsopbrengs

4.1 Die Sinode van Oos-Kaapland het twee inkomstebronne wat vir bedryfskoste aangewend word:

- 'n Gedeelte van die Sinodale Dankoffers, en

- die opbrengs van die sinodale beleggings.

4.2 Die grootste deel van die bedryfskoste word gedra deur die opbrengs uit beleggings.

4.3 Die direkte gevolg van die beleggingsopbrengs is 'n veel kleiner bydrae wat van gemeentes gehef moet word. Sonder die beleggings sou gemeentes minstens 3.5% van hul inkomste aan sinodale dankoffers moes betaal.

4.4 Die beleggings bestaan dus nie ter wille van 'n groeiende beleggingsportefeulje nie, maar ter wille van gemeentes. Dit verlig die druk op gemeentes om die sinodale begroting ten volle te befonds.

5. Ringsprojekte

5.1 Hoewel die Sinode 'n baie lae persentasie hef, word 'n gedeelte daaruit afgestaan aan ringsprojekte.

5.2 Gemeentes wat hulp benodig kan via ringsprojekte aansoek doen uit die Sinodale Hulpfonds.

Januarie 2018